HOËRSKOOL
JAN VAN RIEBEECK
Kloofstraat, 129, Tuine, Kaapstad | Tel: 021 423 6347 | Faks: 021 424 5520
E-pos: ontvangs@janvanriebeeck.co.za | Webtuiste: www.janvanriebeeck.co.za
Skoolhoof: Me Lizette Visser

KONSEP GEBEURLIKHEIDSPLAN VIR HUIS JORDAAN KOSHUIS-LEERDERS SE TERUGKEER NA COVID-19 INPERKING

1. Stelsels en reëlings

1.1 Koshuis en personeel

- Kamers en fasiliteite word skoongemaak en volgens voorskrifte (WKOD-riglyne) gesaniteer (skoon gewas met water/seep en reiniger).
  LW Niemand was in kamers vir meer as twee maande nie.
- Kamers en fasiliteite word skoon verklaar deur Superintendent & matrone volgens die WKOD se Covid-19-riglyne.
- Leerders se kamers word daagliks skoongemaak volgens WKOD-riglyne.
- Handreiniger beskikbaar by alle ingange na gange en gemeenskaplike areas.
- Kennisgewings rakende die Covid-19 virus word opgesit: basiese higiëne, simptome ens.
- Aankoop van persoonlike beskermingsdrag vir werkers en personeel, asook termometers.
- Werkers en personeel ontvang opleiding rakende die Covid-19 virus.
  - Identifisering van simptome.
  - Prosedure indien ’n koshuisleerder simptome toon.
  - Persoonlike higiëne om die verspreiding van die virus te voorkom.
  - Daaglikse roetine en veiligheidsmaatreëls.

1.2 Koshuisleerders en ouers/voogde

- Ouers moet vooraf die koshuis in kennis stel indien hul kind sou terugkeer.
- Geen koshuisleerder mag terugkeer indien hy enige van die onderstaande simptome toon of in kontak was met iemand wat positief getoets het vir die virus in die laaste twee weke nie.
  Simptome:
  - Het jy ‘n hoes?
  - Het jy ‘n koors?
  - Is jy kort van asem?
  - Het jy ‘n keelseer?
  - Was jy in direkte kontak met ‘n Covid-19 infekteerde persoon die afgelope 14 dae?
- Ouers se reëlings moet van so aard wees dat hulle hul kind dadelik kan kom haal indien hy simptome toon of die inperkingstyd weer heringestel sou word.
- Koshuisleerders moet onderneem om die maatreëls wat by die koshuis ingestel is, nougeset na te kom.
- Koshuisleerders verskaf hul eie gesigsmaskers. ’n Week (6/7 maskers) se voorraad word benodig. Maskers moet daagliks wanneer leerder stort met water en seep uitgewas word. Leerders kan ook hulle eie waspoeier vir hierdie doeleindes bring. Prosedure sal aan leerders verduidelik word.

2. Slaapreëlings

- Koshuisleerders (graad 12) word alleen in die kamers ingedeel. Graad 12-leerders sal ook, omdat hulle enkel geplaas is, vir eers in hulle kamers studeer.
- Herindeling sal gedoen word soos wat graadgroepe terugkeer.
  Indien koshuisleerders kamers moet deel namate die hoeveelheid groei, sal streng reëlings in plek gestel word asook bykomende studielokaalreëlings.
- Koshuisleerders wat elke naweek huis toe gaan, moet net die nodige saambring en elke naweek ontruim (duvet/paslaken/klere & boeke gaan elke naweek huis toe).
- Paslakens word oor naweke geruil en kamers word skoongemaak en gesaniteer.
- Ouer/voog moet leerder persoonlik by mev Steyn uitteken op 'n Vrydag via WhatsApp-boodskap. Geen leerder mag huis toe gaan indien 'n ouer of voog hulle nie persoonlik uitgeteken het nie.
- Leerders wat van publieke vervoer gebruik moet maak (ons beveel dit nie aan nie), se ouers moet mev Steyn skriftelik (per e-pos) met die nodige redes en toestemming laat weet.
- Geen leerder kan saam met 'n ander leerder gaan (vervoer) oor 'n naweek sonder skriftelike (per e-pos) toestemming van ouer nie. Weereens beveel ons dit ook nie aan nie.
- Koshuisleerders wat nie oor die naweke kan ontruim nie, se ouers moet skriftelike toestemming by die superintendent kry. Ouers moet voor of op Woensdag voor 'n naweek 'n e-pos stuur indien leerder gaan inbly. U kan ook eenmalig 'n e-pos stuur om toestemming te gee dat leerder vir die kwartaal alle naweke inbly.
  Ons wil ook die laaste opsie aanbeveel dat leerders naweke inbly en net elke derde naweek huis toe gaan of soos ouer verkies. Dit is dalk veiliger. Leerders wat vir die kwartaal inbly, moet egter ook net die nodige koshuis toe bring, sodat hulle vinnig kan ontruim indien dit sou nodig wees.
- Koshuisleerders kan nie oor en weer by mekaar kuier nie. Nie in kamers nie en ook nie oor naweke by onderskeie ouerhuise nie.

3. Etereëlings

- Etenstye sal per graad aangepas word soos die getalle toeneem. Tye sal op die kennisgewingborde verskyn.
- *Binne eetsaal:*
  Slegs vier koshuisleerders per tafel. Aanvanklik met graad 12-leerders slegs een leerder per tafel. Leerders plaas skinkbord met eetgerei op die trollie en verlaat die eetsaal deur die agterste deur. Persoon aan (hoof)diens kontroleer die eetsaal om goeie orde te handhaaf.
- *Buite eetsaal:*
  Koshuisleerders hou 'n 1,5 m-spasie tussen mekaar wanneer hulle in 'n ry staan. Leerder haal slegs masker af wanneer hy gaan eet. Persoon aan (hulp) diens kontroleer die koshuisleerders om goeie orde te handhaaf.

4. Badkamerreëlings

- Storttye sal op die kennisgewingborde verskyn en sal aangepas word soos die getalle toeneem. Streng beperking sal geplaas word op aantal leerders per badkamer.
- Slegs die badkamers op die boonste en middelste vloer sal vir eers gebruik word. Sodra ander graad groepe opdaag, sal dit aangepas word.

5. **Kontrole**
    - Kontrolelyste sal aangepas word met elke graadgroep wat terugkeer en kamers sal heringedeel word.
    - Personeel aan diens bly verantwoordelik vir finale opsomming en kontrole.
    - Dienspersoneel neem verantwoordelikheid vir die leerders in die gang. HK sal as ekstra oog hou. Dien slegs as waarneming. Dienspersoneel ontvang ook gesigskerms.
    - **Siftingsprosedure: Die toetsing van elke koshuisleerder se temperatuur sal soggens en saans plaasvind.**
    - Presensie sal deur die personeel aan diens hanteer word. Koshuisleerders bly in hul kamers hiervoor, personeel sal rondbeweeg. Leerder kom uit sy kamer en word in die gang getoets.

6. **Vryetydsbesteding**
    - Ontspanningsaal (TV-kamer) sal verbode wees behalwe om deur te beweeg na eetsaal of na buite.
    - Die gebruik van die fasiliteite op die skoolterrein sal vasgestel word deur die skoolhoof. Reëlings sal deurgegee word.
    - Leerders mag in die tuin beweeg, mits hulle nie groepe vorm nie en 1,5 m van mekaar af beweeg.
    - Geen spanspeletjies soos rugby, netbal, sokker of enige ander kontakspeletjies nie. Geen balspeletjies tussen twee leerders nie.
    - Geen leerder mag die swembad of skool se gimnasium gebruik nie.
    - Leerders mag egter oefen om fiks te bly bv hardloop/stap/fietsry, maar ons sal hou by nasionale riglyne (tye ens) wat dit betref. Geen leerders kan egter in groepe stap/hardloop nie. Mev Steyn sal leerders egter vooraf deeglik inlig.
    - Leerders mag een keer per week Checkers in Kloofstraat besoek. (Tyd toegelaat: 30min). Aangesien daar nie sport is in die middag nie, sal leerders een-een ingedeel word oor ‘n periode van ‘n week. Die sekuriteitswag sal die skedule ontvang sodat ‘n leerder slegs een per week kan uitgaan en sal sy/haar koopstrokie moet ingee as bewys.
    - Geen koshuisleerder sal toegelaat word om op boonste velde of in enige gim te oefen nie.
    - Geen koshuisleerder mag die terrein verlaat (behalwe eenmalig na Checkers per week) nie of wanneer met toestemming en toesig gaan draf/fietsry nie.
    - Koshuisleerders mag nie in groepe vergader nie.

7. **Aankomstye**
    - Datums, aankomtye en aflaaipunte (boonste parkeerarea) sal aan die ouers deurgegee word soos wat leerders terugkeer. Graad 12-leerders kan eerskomende Sondag tussen 17:00-18:00 terugkeer.
      LW Graad 12-leerders se eerste ete sal Maandag-ontbyt wees. Geen leerder sal toegelaat word om enige kosbestellings te doen nie en moet dus ‘n kospakkie inpak vir komende Sondagaand. Leerders wat die daaropvolgende naweek inbly sal alle etes ontvang oor naweke, maar vir leerders wat huis toe gaan sal laasgenoemde reëling permanent geld.
    - Siftingsprosedure: Met aankoms sal koshuisleerders ’n temperatuurtoets by ’n aangewese punt (op stoep voor koshuis) ondergaan. Leerders sal ook die volgende vrae moet beantwoord wat op rekord gehou sal word:
        - ❖ Het jy ‘n hoes?
        - ❖ Het jy ‘n koors?
        - ❖ Is jy kort van asem?

- ❖ Het jy ‘n keelseer?
- ❖ Was jy in direkte kontak met ‘n Covid-19 infekteerde persoon die afgelope 14 dae? (‘n Ouer moet asseblief wag op parkeerterein totdat bg siftingsprosedure voltooi is – indien ‘n leerder enige van bg simptome toon, kan hy/sy nie tot koshuis toegelaat word nie.)

- Alle leerders sal met aankoms deeglik opgelei word oor alle veiligheidsmaatreëls. Leerders sal ook dan toegelaat word om alle vrae/onduidelikheid en vrese te bespreek.
- Geen ouer word op die koshuisterrein toegelaat nie. Ouer moet in sy/haar motor op die boonste parkeerterein wag. Stuur ‘n WhatsApp vanaf parkeerterrein vir mev Steyn om leerder se aankoms te bevestig. (076 738 2290)
- Koshuisleerders moet ’n gesigmasker (asook 6/7 ekstra maskers vir die week) met hul aankoms aanhê.
- Elke leerder sal ‘n handreiniger ontvang wat by sy kamerdeur moet staan. As hy in of uit kamer beweeg moet hy/sy dit gebruik. Leerder mag nie sy kamer verlaat sonder gesigsmasker nie.
- Dra van gesigsmasker buite leerder se eie kamer op alle tereine is verpligtend. Gesigsmasker word slegs afgehaal wanneer leerder eet.

8. Algemeen – Koshuisleerders

- Leerders moet ten alle tye die voorgeskrewe afstand (1,5 m) tussen mekaar handhaaf.
- Leerders moet gereeld hul hande was en die handreiniger by ingange gebruik.
- Elke leerder sal ‘n handreiniger ontvang wat by sy kamerdeur moet staan. As hy in of uit kamer beweeg moet hy/sy dit gebruik. Leerders moet ook hulle eie handreiniger saambring vir meer gereelde gebruik.
- Leerder mag nie sy kamer verlaat sonder gesigsmasker nie.
- Geen leerder mag in ‘n ander leerder se kamer wees nie.
- Geen persoonlike items mag bymekaar geleen en gebruik word nie. (Geen boeke/selfone/klere/laptop/beker ens nie.)
- Leerders wat enige van die simptome van die Covid-19 virus toon, moet dadelik by ’n personeellid aanmeld. So ’n leerder sal dadelik na die siekekamer (een op elke vloer) geneem word, waar hy/sy sal bly totdat verdere reëlings getref is. Die leerder se ouer sal onmiddelik in kennis gestel word.
- Leerders moet ten alle tye, wanneer hul buite hul kamers beweeg, ’n gesigmasker dra.
- Leerders moet nie onnodig aan enige oppervlaktes raak nie bv. trapreëlings.
- Daar sal streng opgetree word teen enige leerder wat nie by die regulasies hou nie. Alle normale koshuisregulasies soos voorgeskryf geld ook. Die superintendent sal indien nodig so ’n leerder se ouers in kennis stel om hom dadelik van die terrein af te verwyder.
- Een ketel (bring self een vanaf die huis) per kamer word toegelaat vir gebruik.
- Leerders kan eie waspoeier; ekstra saniteerder; koffie/tee/ens en beker saambring.

9. Inwonende personeel, dienspersoneel en werkers

- Inwonende personeel is verantwoordelik vir die veiligheid van hulle gesinne. Kontak met koshuisleerders moet vermy word.
- Alle inwonende personeel en hulle gesinne sal ook daagliks die siftingsprosedure volg (simptome vraelys moet beantwoord, sowel as temperatuurlesings soos by leerders). Lg sal van rekord gehou word.

- Wanneer Inwonende **dienspersoneel** in gange moet beweeg moet hulle masker en gesigskerm aanhê. Hulle beweeg glad nie in leerders se kamers nie en behou die afstand van 1.5 m.
- Enige leerder wat nie hou by koshuisregulasies nie, word onmiddelik by superintendent aangemeld.
- Werkers ontvang die nodige veiligheidsklere en toebehore wat hulle ten alle tye moet dra. Masker is verpligtend en dit moet elke dag uitgewas word.
- Werkers sal daagliks siftingsprosedure ondergaan tydens aankoms by sekuriteitshek (temperatuur sal daagliks, met hul aankoms, getoets word).
- Werkers moet die voorgeskrewe veilige afstand tussen mekaar handhaaf en gereeld hul hande was.
- Gedurende die dag is alle deure van koshuis gesluit, asook die kombuis se agterdeur. Slegs kombuis- en skoonmaakpersoneel word daagliks tydens hulle skof in koshuis toegelaat. Geen ander personeel van die skool mag koshuis binnegaan nie. Personeel wat moet oorslaap gaan net koshuis binne wanneer hulle die oggend op diens is en verlaat koshuis wanneer skof voltooi is. Personeel wat moet oorslaap sal ook daagliks siftingsprosedure ondergaan. Geen nie-inwonende personeel se gesinslede mag koshuis binnegaan nie. Personeel van skool sal skakel indien daar belangrike inligting moet deurgegee word.

10. Aflewerings en kontrakteurs

- Daar word van alle afleweringpersoneel en kontrakteurs verwag om die regulasies, soos deur die regering bepaal, noukeurig na te kom.
- Geen aflewering word binne die kombuis ontvang nie, maar op die parkeerarea nadat nodige siftingsproses by sekuriteitshek voltooi is.
- Alle aflewerings moet eers met die nodige reiniger afgevee word.
- Koshuispersoneel moet dit deeglik monitor en moontlike risiko's rapporteer.

Me Lizette Visser
SKOOLHOOF

Mev Huibrecht Steyn
SUPERINTENDENT